SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: BEELD
Date: 17-Aug-2006
Topic: 25
Ref No: 3725
1
ID: 03374552-01
Source Page: 11

# Jansen begin met regruk in Durban

Alet Rademeyer

Prof. Jonathan Jansen, dekaan van opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria (UP), begin vandag met sy pligte as administrateur by die Durbanse Instituut van Tegnologie (DIT).

Me. Naledi Pandor, minister van onderwys, het Jansen aangestel om dié instelling reg te ruk waar beweerde finansiële ongerymdhede van sowat R150 miljoen plaasgevind het.

Jansen het gesê dié taak gaan nie met sy werk as dekaan by die UP inmeng nie. Dit is ook nie vir hom nodig om heeltyd by die DIT te wees nie, hoewel hy die eerste paar weke gereeld daarheen sal reis.

Probleme het by die DIT ontstaan nadat daar nie 'n deeglike onderskeid tussen die raad se werksaamhede en die universiteit se bestuur getref kon word nie.

Die raad is die naweek ontbind en Jansen is as administrateur aangestel.

Sy pligte behels dat hy die raad vir 'n periode van ses maande oorneem, met die moontlikheid van 'n verdere ses maande. Hy moet voorts vasstel hoe beheer en bestuur herstel kan word.

Jansen moet ook toesien dat 'n oudit na die universiteit se finansiële sake afgehandel word en dat diegene wat vir die probleme verantwoordelik was, verantwoordelikheid daarvoor aanvaar.

Jansen gesê hy voorsien dat hy en prof. Bonganjalo Goba, rektor van die DIT, 'n professionele verhouding sal hê met die oog daarop om te verseker dat bestuur en die raad so gou moontlik hul onderskeie werksaamhede sal hervat.